

Feedmaster

Your Quality Solution



KLEINVEEGIDS

SMALL STOCK GUIDE

Voer- en Lekaanvullings vir Bokke en Skape

Onderwerpe

Basiese beginsels van dierevoeding vir herkouers	1
Voedingswaarde van Namibiese veld	2
Die spysverteringsproses in herkouers	2
Verskil tussen lekke, voer en konsentrate	3
Somerlekke of fosfaat-mineraallek	3
Winterlekke of proteïenlekke	4
Die rol van sout	6
Voere, lek en voerkonsentrate	7
Kleinvee wat snags op kraal gehou word	8
Lekprogram vir bokke en skape	9
Bestuursprogram vir bokke en skape	9
Algemene inligting rakend bokke en skape	11
Groei en ontwikkeling van boklamers en skaaplammers	13
Feedmaster-produkte vir herkouers	15



VOORWOORD

Feedmaster is 'n trotse Namibiese veevoermaatskappy wat in 1983 gestig is, met 'n fabriek in Windhoek. Ons sustermaatskappy, Veechos, in Upington, verskaf sommige van die produkte om die volledige reeks veevoere aan veeprodusente in Namibië te kan voorsien.

Feedmaster se primêre doelstelling is om waarde toe te voeg tot jou diere met ons produkke. Ons produkte is spesifiek vir Namibiese toestande ontwikkel, voldoen aan alle veiligheidsvereistes vir veevoer en FANMEAT-regulasies, en is beskikbaar by alle landbou-ondernemings in Namibië.

Feedmaster beskik ook oor 'n ISO 22000 akkreditasie wat verseker dat ons aan al die nodige voedselveiligheidsvereistes voldoen vir rooivleis uitvoere na die Europese mark.

Ons span tegniese adviseurs kan jou behulpzaam wees met die beste advies vir jou area.


Dienste aangebied deur Feedmaster

- Adviesdienste gebaseer op Namibiese navorsing en ondervinding
- Deeglike aanvullingstrategieë om produksie en bruto inkomste van die boer te verhoog
- Help boere met doelgemaakte lekprogramme wat die boer se finansiële posisie in berekening hou
- Feedmaster is betrokke op verskillende vlakke van die Namibiese landbousektor
- Ons tegniese adviseurs is betrokke by opleiding en ondersteuningsprogramme vir die boer.

Die basiese beginsels van dierevoeding vir herkouers

1. Voedingsbehoefes

Vir diere om te groei, ontwikkel en te reproduseer tot hul volle potensiaal, benodig hulle 'n daaglikse gebalanseerde dieet. Diere vervul hul voedingsbehoefes uit die verskillende plantspesies in die spesifieke boerderyomgewing. Die voedingsbehoefes van lamms en kalwers, droë, dragtige en lakterende diere verskil heelwat, met jong groeiende en lakterende diere wat die hoogste daaglikse behoefte het.



Belangrike voedingskomponente

Proteïen is een van die hoof boublokke van die liggaam en kan vergelyk word met die bakstene in 'n muur. Sonder proteïen kan die liggaam nie funksioneer of groei nie. Diere kry proteïen uit die gras en blare wat hulle vreet. Ander bronne sluit voerkorrels, proteïenlekkie en lusern in.




Energie is die brandstof vir die liggaam en is noodsaaklik vir alle liggaamsfunksies soos groei, reproduksie, melkproduksie en rondloop. Die liggaamskondisie van diere sal slegs verbeter as die energiewaarde van die dieet hoog genoeg is. Bronne sluit Feedmaster-produkte soos Enerfeed, Enermol, Rangeland Grower en mielies in.



Beide proteïen en energie is belangrik vir diere om te groei, reproduseer en vir goeie melkproduksie.

Minerale word benodig in baie klein hoeveelhede, maar is ook baie belangrik vir reproduksie, sterk bene en melkproduksie. Fosfor, swael, yster, mangaan, selenium, sink en koper is 'n paar van die minerale. Futterfos is 'n fosfaatlekkie met die beste opneembaarheid en die spoormineraalvlakke is twee maal hoër as meeste ander fosfaatprodukte.



Mineral Should be offered in a balanced amount.

[Futterfos bevat Fosfor(P) maar ons meng 'n Fosfaatlekkie met Futterfos]

Water is ook 'n belangrike voedingstof vir diere. Herkouers op droë weiding en lakterende diere benodig meer water en moet daaglikse toegang tot skoon drinkwater hê.



Dit is belangrik vir diere om elke dag water te drink. Indien diere nie elke dag water kan drink nie, vreet hulle minder en word groei en reproduksie nadelig beïnvloed.


Die gemiddelde daaglikse waterbehoefte vir kleinvee is 5 liter per dag en vir grootvee 40 liter per dag.

2. Voedingswaarde van Namibiese veld

Die voedingswaarde van grasse en blare verskil in ooreenstemming met die tipe gras, die seisoene en die hoeveelheid reën, en verlaag drasties in die winter. Feedmaster se navorsing op verskillende plantspesies in Namibië, bevestig hierdie feite.

Oor die algemeen is die proteïenwaardes nie goed genoeg om diereproduksie vanaf Julie tot in die volgende reënseisoen te handhaaf nie. Die lae verteerbaarheid van plantmateriaal maak dit ook moeilik vir herkouers om voedingstowwe uit plante ten volle te benut. Die gevolg is laer produksie en diere wat gewig verloor.

Tydens die groen seisoen (Desember tot Mei) is die voedingswaarde goed genoeg om hoë groeitempo, hoë vrugbaarheid en die vetmaak van diere te onderhou.



3. Die Spysverteringsproses in Herkouers (skape en bokke)

Herkouers is diere met 'n maag wat bestaan uit 4 kompartemente, naamlik die grootpens (rumen), ruitjiespens (reticulum), blaarpens (omasum) en melkpens (abomasum).

Skape, bokke, beeste en die meeste wildspesies is grasvreters of blaarvreters en het die unieke vermoë om plantmateriaal om te skakel in nuttige voedingstowwe soos vleis en melk vir menslike verbruik.

Die grootte van die volgroeiende grootpens varieer tussen 4 tot 10 liter vir skape en tussen 100 tot 300 liter vir beeste.


In die pasgebore lammertjie kan die maag (melkpens/abomasum) nie enige gras verteer tot op die ouderdom van drie weke nie, want die melkpens verteer hoofsaaklik melk; vir kalwers is die periode 3 maande.

Die werklike vertering van plantmateriaal in die volledig ontwikkelde melkpens word gedoen deur baie klein lewendige organismes wat mikrobies genoem word. Hierdie organismes is verantwoordelik vir die omskakeling van plantmateriaal na voedingstowwe wat deur die dier benut kan word.

MET LEKAANVULLING AAN DIERE IS DIE HOOFDOEL OM HIERDIE MIKRO-ORGANISMES TE VOER EN TE VERMEERDER OM DIE SPYSVERTERING VAN PLANTMATERIAAL TE VERBETER WAT LEI NA BETER DIEREPRODUKSIE.

Nadat herkouers genoeg voedsel deur weiding versamel het, sal hulle herkou. Die hoofdoel is om die growwe plantmateriaal verder af te breek deur dit herhaaldelik te kou. Hoe droër en growwer die gras, hoe langer sal die diere herkou om die vesels af te breek. Voer beweeg as volg deur die 4 pense:

4 pense: Rumen, ➡ Reticulum, ➡ Omasum, ➡ Abomasum



4. Aanvullende voeding

Aanvullende voeding sluit 'n volle reeks lekkes, voere, voerkorrels en ander aanvullings in. Die doel van aanvullende voeding is om diereproduksie te verbeter deur ekstra proteïene, energie en minerale, maar slegs in tye van tekorte (en vervang dus nie die weiding van gras of blare nie).

Die verskil tussen Lekke, Voer en Konsentrate

Lekke is 'n gebalanseerde aanvulling wat in klein hoeveelhede gegee word aan diere wat in die veld wei. Lek is 'n gebalanseerde mengsel van proteïene, energie, minerale, fosfaat en sout.

Hierdie produkte word gemeng in die fabriek en is gereed vir gebruik sonder enige byvoeging. Lekke kan verdeel word in somer- en winterlekkies en die diere benodig minimum hoeveelhede per dag.

a. Somer- of Fosfaat-Mineraallek (Januarie tot Mei)



Die enigste aanvulling om te oorweeg in die somer (*reënseisoen, groen weivelde*) is 'n *fosfaatlek*. Fosfaat (P) is 'n noodsaaklike mineraal vir goeie vrugbaarheid, die ontwikkeling van die beenstruktuur en melkproduksie. Daar is verskillende soorte fosfate wat varieer van P 12, P 18 tot P 21. Hierdie produkte verskil nie net in hul fosfaatkonsentrasie nie, maar ook in die beskikbaarheid van die fosfaat vir die diere. Meng of **FUTTERFOS** + 50 kg sout of **VEEFOS P 12** + 50 kg sout om 'n gebalanseerde fosfaatlek te kry wat P 6 genoem word. P 6 is geskik vir skaap, bokke, beeste, wild, perde en donkies. Futterfos P 6 is gereed om te gebruik en benodig geen addisionele vermenging nie, en kom in 50 kg sakke.



Futterfos P 6 bevat geen ureum nie, en is daarom nie giftig wanneer dit nat reën nie. Wanneer P 6 aan diere gegee word, is dit raadsaam om klipsout te verwyder om te verseker dat diere die korrekte hoeveelheid fosfaat en ander minerale inneem.



$$40\text{ kg FUTTERFOS} + 50\text{ kg Sout} = 90\text{ kg P 6}$$

Die volgende riglyne is van toepassing:


- Kleinvee = 20 g Futterfos P 6 per ooi per dag
(90 kg P 6 is genoeg fosfaat vir 150 ooeie per maand)
- Grootvee = 200 g Futterfos P 6 per koei per dag
(90 kg P 6 is genoeg fosfaat vir 15 koeie per maand)

b. Winter- of Proteïenlekke (Junie tot Desember)


Lekaanvullings vir die droë seisoen verskil heeltemal van fosfaatlekke. Proteïenlekke (ureum-gebaseerde lekke) is ten doel om die verteerbaarheid van droë weiding (gras en bos) te verbeter, soos geïllustreer in die skets hieronder.



Jan	Feb	Mar	Apr	May	Jun	Jul	Aug	Sep	Oct	Nov	Dec



Optimal condition for microbial population
=fast digestion, from January to May



Sub-optimal condition for microbial population
=slow digestion, from June to December
Therefore needs to be improved!

Dit vul ook die tekorte in proteïene, energie en fosfaat aan wat nie voldoende in droë weiding is nie.

Tydens of kort na die winter (Junie, Julie, Augustus, September, Oktober, November) moet die boer na proteïenlekkte oorslaan om goeie diereproduksie te handhaaf. Wanneer diere met proteïenlekkte aangevul word, word hulle gestimuleer om meer van die droë grasse te vreet. Proteïenlekkte verbeter ook die verteerbaarheid van gras en blare en dit lei tot beter groei, melkproduksie en fertiliteit in diere.

Vir diere om produksie tydens die droë seisoen te handhaaf, is dit belangrik om elke dag die regte hoeveelheid proteïenlek te gee. Verseker dat daar genoeg lekkrippe is volgens die grootte van die trop. Doen die aanvulling van die produkte volgens die aanbevelings op die sakkaartjie, wat wissel tussen 80 g tot 300 g per ooi per dag.

Feedmasterproewe in Namibië op klein- en grootvee het beter produksie bewys deur hoër reproduksie oor 'n tydperk, beter melkproduksie en groei van diere. Die basiese beginsels van die korrekte drakrag, goeie kwaliteit gesonde diere, die toepaslike lekkte plus goeie bestuur dra by tot optimale diereproduksie.

Ureum is een van die bestanddele van proteïenlekkte. Beskerm hierdie lekkte teen reën of verwyder dit onmiddellik na reën. Ureum is hoogs oplosbaar in water, en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word. Voor 'n ureumlek aangebied word, gee eers 'n P 6 lek vir ten minste 7 dae om die baie hoë inname van die proteïenlek te verhoed tydens die eerste paar dae, asook moontlike ureum-vergiftiging te voorkom.



Die volgende is proteïenlekkte, gereed om te gebruik en benodig geen blyvoeging van sout nie:

Eco-Grassveldlek, Bosverteerlek, Produksielek, en Energielek



c. Die rol van Sout:

Die hoofdoel van sout in fosfaatlekkte (Futterfos en P 6) is juis die stimulasie van innames EN proteïenlek help sout om die innames te kontroleer.



Sout alleen kan nie die verteerbaarheid van droë gras verbeter nie. Sout bestaan hoofsaaklik uit natriumchloried (NaCl) en kan daarom nie diereproduksie, vrugbaarheid, groei, en melkproduksie verhoog soos proteïenlekkte nie.



Souterige water en plantegroei soos sekere bossieveld het 'n negatiewe effek op lekinnames; oorweeg pasgemaakte lekkte in samewerking met jou tegniese adviseur.

Die voedingswaardes dui duidelik aan dat sout op sy eie nie diereproduksie kan verbeter nie

	Eco-Grasveldlek	Futterfos P 6	Sout
Proteïen	300	0	0
Ureum	75	0	0
Fosfaat	15	60	0
Kalsium	30	66	0
Magnesium	1500	1800	0
Swael	3.2	2	0
Kobalt	1.5	4	0
Koper	32.5	150	0
Mangaan	100	650	0
Sink	160	800	0
Jodium	2.4	15	0
Selenium	0.7	3	0
Soutinhoud	40 %	50 %	95 %
Inname/dag: Skaap	85 g	25 g	6 g
Bees	500 g	150 g	50 g

d. Voere

Met 'n volledige voermengsel is dit moontlik om in die totale voedingsbehoefte van diere te voorsien. Diere kan permanent in die kraal met hierdie voer gevoer word omdat die produk ruvoer soos lusern bevat



Volvoere is 'n gebalanseerde mengsel van verskillende proteïenbronne, lusern of gras, mielies of kiemmeel en minerale, maar *sonder sout*. Die meeste voere is in die vorm van korrels.

Wanneer 'n voer of voerkorrels aan diere aangebied word, begin met 'n klein daaglikse hoeveelheid en vermeerder die hoeveelheid voer geleidelik tydens die eerste 10 dae om diarree, opblaas en moontlike vrektes te verhoed. Dit word aanbeveel dat skape ingeënt word ten minste Bloednier (Pulpy Kidney) 14 dae voor die voerperiode begin.

RamLamOoi-, Breker 12-, Skaapaf rond-, Stoetvee- en Lusernkorrels is volledige voere.



e. Lek- en Voerkonsentrate

Hierdie produkte is meestal gekonsentreerde proteïen-mineraalmengsels en **MOET DAAROM GEMENG WORD** met ten minste sout OF volgens die MEGINSTRUKSIES OP DIE SAKKAARTJIE. Konsentrate stel die boer in staat om sommige van sy eie produkte, soos gemaalde kameeldoring- of prosopispeule saam sout, Enermol, Enerfeed of Rangeland Grower by te voeg om 'n koste-effektiewe lek te verseker wat steeds goed gebalanseerd is.

Droëveldkonsentraat, Grasveldkonsentraat, Bosverteerkonsentraat kan gebruik kan word om verskillende lekke vir bokke en skape te meng.



HPK 30 Voerkonsentraat is 'n gespesialiseerde proteïenmengsel vir die afronding van skape, bokke en beeste. Verskillende mengsels is moontlik met hierdie produk om voorsiening te maak vir jou spesifieke behoeftes. HPK 30 kan gemeng word met Enerfeed en/of Enermol of Rangeland Grower, PLUS ruvoer soos lusern om as volledige voer op kraal te gebruik.



Ureum is 'n proteïenkonsentraat wat in proteïenlekkie gebruik word en moet slegs volgens streng riglyne gemeng word. Gebruik eerder Droëveld- of Bosverteerkonsentrate om 'n gebalanseerde proteïenlek te meng.



Futterfos en **Veefos P 12** is fosfaatkonsentrate en elke sak moet met 50 kg sout gemeng word. *Die produk bevat geen Ureum nie.*



5. Kleinvee wat snags op kraal gehou word

Diere wat snags op kraal gehou word, kan nie dieselfde prestasie lewer as vryloopdiere nie. Ons weerhou hulle van optimale weidingstyd, wat 'n negatiewe effek op groei, reproduksie en melkproduksie het. Maak seker dat diere op kraal so vroeg as moontlik in die oggend veld toe gaan, veral die lammerooie.

Moet nooit lekkrippe in die kraal sit nie, want dit kan lei tot die kontaminasie (mis, uriene) van die lek en diere kan weier om die produk te vreet. Verder kan van die diere hulle oorvreet wat kan lei tot vrektes as gevolg van ureumvergiftiging.

Indien moontlik, skei die lakterende ooie uit die trop en vul hul dieet aan met die korrekte hoeveelheid **RamLamOoikorrels**, **Breker 12-**, of **Rumen Optimizer korrels** – gee slegs die korrels aan die groep; lek daarby is nie nodig nie. 200g korrels vir elke ooi elke dag sal die melkproduksie verhoog en haar liggaamskondisie onderhou. Lammer van meer as 7 dae oud sal saam met die ooie by die krip eet, tot hul voordeel.

Breker 12-korrels met addisionele droë lusern is 'n uitstekende en veilige kombinasie vir algemene gebruik en vir ramme wat op kraal moet staan.

Voorbereiding van skou- en veilingsdiere

Kontak die Feedmaster Tegniese Adviseur in jou area vir die beste advies en produkte vir die doel.

6. Die Feedmaster lekprogram vir Skaap onder normale weidingstoestande

Jan – Mei Groen weiding	Junie – Aug Hoof lamseisoen	Sep – Des Ooie maak lammers groot
Futterfos P 6 Futterfos + Sout Veefos P 12 + Sout Futterfosblok 20 kg	Eco-Grasveldlek Bosverteerlek Produksielek Energielek Droëveldblok	Produksielek Energielek Energieblok
Ander produkte wat produksie verder kan verbeter tydens die droë seisoen		
	Kruipveekorrels RamLamOoi korrels Afrondkorrels Breker 12 korrels Rumen Optimizer korrels	Skaap Afrondkorrels Kruipveekorrels RamLamOoi korrels Rumen Optimizer korrels

7. Basiese kleinvee-bestuursprogram vir verbeterde produksie

Januarie

Oorblywende lammers moet so gou moontlik bemark word. Ent ramme in voor die teelseisoen. Die testikels van alle ramme moet ondersoek word om Ramsiekte (Epididimites) te diagnoseer. Verwyder en slag ramme wat gediagnoseer word om die verspreiding van Epididimites te verhoed.

Februarie

Doseer alle skape, bokke en ramme teen Neuswurm. Skakel oor na **40 kg Futterfos + 50 kg sout, Veefos P 12 + sout** of **Futterfosblok op groen weiding**. Ent slegs die laatdragtige ooie 6 weke voor lamtyd in met 'n kombinasie-entstof. Behandel diere teen vrotpootjie indien nodig, en herhaal elke tweede dag. Ent bokooie in teen ensoötiese aborsie (Enzootic abortion) 4 – 6 weke voor die paarseisoen begin.

Maart

Kolbehandeling van diere teen bosluise. Sommige ooie sal reeds begin lam. Herstel krale/kampe, waterkrippe en verwyder mis. Kyk uit vir vrotpootjie.

April

Ooie sal steeds lam – voorsien skaduwee en skoon water aan lammers wat in krale gehou word deur die dag. Gee **RamLamOoi-** of **kruipveekorrels** aan lammers ouer as 7 dae. Behandel diere teen bosluise.

Mei

Doseer slegs lammers ouer as 6 weke teen lintwurm en kastreer ramlammers. Ent nie-dragtige bokooie in teen ensoötiese aborsie (Enzootic Abortion). Ondersoek boklammers vir blouluse en behandel indien nodig. Herstel krale/kampe, waterkrippe en verwyder mis.

Junie

Behandel lammers teen blouluse indien nodig. Doseer die res van die lammers teen lintwurm. Ent die laatdragtige ooie 4 tot 6 weke voor lamtyd in.

Julie

Die testikels van alle ramme moet ondersoek word om Ramsiekte (*Epididimites*) te diagnoseer. Die eerste ooie sal binnekort begin lam in die afwesigheid van teelseisoene. Identifiseer ooie met speendefekte – merk/bemark die ooie sodra lammers 3 maande oud is. Skakel oor na 'n proteïenlek soos klaargemengde **Eco-Grasveldlek** of **Bosverteerlek** (geskik vir skape en bokke). Herstel krale/kampe, waterkrippe en verwyder mis.

Augustus

Ooie kan steeds lam – voorsien skaduwee en skoon water aan lammers wat in kampe gehou word. Voorsien lammers ouer as drie weke van **RamLamOoi korrels**. Doseer slegs lammers ouer as 6 weke teen lintwurm en kastreer ramlammers. Vervang ramme vir paring in September/Okttober. Hou hierdie ramme op kraal vir die eerste 2 weke om aan te pas en voer met **Breker 12 korrels**. Ent bokooie in teen ensoötiese aborsie , 4 – 6 weke voor die paarseisoen begin.

September

Kastreer alle ramlammers voor die ouderdom van 3 maande. Help lakterende ooie met 150 g **Rumen Optimizer-** of **Breker 12 -korrels per ooi per dag**. Ooie wat tweeling grootmaak kry 400 g korrels per ooi per dag. Lammers moet elke dag **Breker 12-, RamLamOoi-** of **Kruipveekorrels** kry (50 – 100 g per lam per dag). Ramme kan geprikkel word met 250 g korrels per dag vir die volgende 4 weke. Doseer alle kleinvee met 'n breëspektrum Doseermiddel wat Neuswurm insluit. Herstel krale/kampe, waterkrippe en verwyder mis.

Oktober

Beplan die bemarking van lammers en uitskotdiere vir November/Desember. Identifiseer alle droë ooie, hamels en ou ramme en ooie vir bemarking. Behandel diere teen bosluise.

November/Desember

BEMARKING – Bevestig veilingdatums, oorplaatjies, permitte.

- Maak seker van huidige verkoopspryse.
- Vergelyk die KWALITEIT van jou lammers met ander lammers op die veiling.

Skei boklammers eenmaal per dag van die ooie en gee 200 g **RamLamOoi-korrels** per lam vir die volgende 4 – 6 weke. Die doel is nie om die lammers af te rond nie, maar om hul massa effens te vermeerder en die hare van die bokke glad en blink te kry. Probeer alle surplus diere voor Kersfees te verkoop vanweë hoër pryse. Herstel krale/kampe, waterkrippe en verwyder mis.

8. Algemene inligting aangaande Skape en Bokke

- a) Die natuurlike periode vir ooie om op hitte te kom, is tussen Februarie en Junie.
- b) In dié tyd is die ooie elke 17 dae gereed om te paar.
- c) Die ooi is slegs vir 36 uur op hitte, waartydens verskeie ramme kan probeer om haar te dek.
- d) Dit is slegs tydens hierdie 36 uur elke 17 dae wat 'n ooi bevrug kan word.
- e) Ooie skei gewoonlik tussen een en vier eierselle af, gereed vir bevrugting.
- f) Die bevrugte eier heg eers 11 dae na bevrugting aan die uterus.
- g) Kleinvee is gemiddeld 150 dae dragtig (*140 – 152 dae*).
- h) Die uterus herstel eers 45 dae na die geboorte volledig voor die ooi gereed is vir die volgende suksesvolle paring.
- i) Die regte voeding tydens die laaste vier weke voor die lamtyd verbeter die kwaliteit van die kolostrum en melkproduksie en dra by tot minder sterftes.
- j) Vervang melies tydens laatdragtigheid met Rumen Optimizer om taai biesmelk te voorkom.
- k) Hoe gouer 'n lam na geboorte biesmelk suip, hoe beter die kans op oorlewing.
- l) Hoe gouer die lam begin drink na geboorte, hoe sterker die band tussen moeder en lam(mers).
- m) Melkproduksie piek teen 3 weke na geboorte en verminder geleidelik daarna. Onder normale voertoestande is daar geen melk 3 maande na die geboorte van die lam nie.

- n) Lammers begin "eet" vanaf 10 dae, wat baie help met die ontwikkeling van die grootpens (rumen).
- o) Pasgebore "geel" lammers dui op moeilike geboortes as gevolg van wanvoeding van die ooie.
- p) Optimale voeding tydens die eerste 60 dae van die lam se lewe verhoog sy vrugbaarheid vir die res van hul lewens.
- q) In die geval van jongooie moet daar gemik word vir 'n minimum paringsmassa van 80 % lewende gewig vir volwasse ooie, vir die beste bevrugting en beter lewenslange reproduksie.
- r) Die vrugbaarheid en melkproduksie van ooie neem af vanaf die ouderdom van 7 jaar.
- s) Ramlammers kan ooie vanaf die ouderdom van 100 dae bevrug – speen of kastreer betyds.
- t) Semenproduksie is 'n aanhoudende proses, maar semen is slegs gereed vir suksesvolle bevrugting na 2 maande.
- u) Groter testikels korreleer direk met beter semenproduksie, vrugbaarheid en libido.
- v) Die meeste herkouers sal normaalweg vir 8 ure wei, 8 ure herkou en 8 ure rus.
- w) Die daaglikse waterbehoefte vir kleinvee is minimum 5 liter per dag.
- x) Een ram vir elke 40 ooie in die trop (die ram ten minste 15 maande oud met twee goed ontwikkelde testikels).

Moenie diere later as 08h00 in die oggend op kraal hou nie – laat maksimum weidingtyd toe.

Sorg vir jou diere en hulle sal vir jou sorg
--

9. Verseker die Beste Ontwikkeling en Groei vir Boklammers en Skaaplammers

Tydens die droë seisoen vanaf Julie tot Desember is daar 'n groot afname in die voedingswaarde van natuurlike weiding. Diere het langer tyd nodig en verbruik meer energie om hul voedingsbehoefte te bevredig. Die meeste ooie sukkel om tweeling, wat algemeen hierdie tyd van die jaar is, groot te maak. Gelukkig kan diere wat elke nag op kraal staan die eienaar die geleentheid gee om sy diere elke dag te sien en te help met die regte lek of byvoeding.

Die volgende voedingsriglyne sal bydra tot beter produksie en lamsterfte verminder.

1. Lammers wat op kraal gehou word vir die eerste 6 weke *(lammers word afgehoek)*

Vir skaaplammers en boklammers om tot hul volle potensiaal te groei, is genoeg melk en goeie voedingsaanvullings baie belangrik. Die regte voeding, tesame met goeie biesmelk en melkproduksie tydens die eerste 8 weke, dra by tot gesonde, vinnig-groeiende lammers, minder sterfte en selfs tot hoër vrugbaarheid van hierdie lammers in die toekoms. Skaaplammers en boklammers begin ruvoere eers vanaf 3 weke oud vreet.

Tussen 50 g – 200 g **Kruipveekorrels of Rumen Optimizer Korrels** per lam per dag van die ouderdom van drie weke tot die ouderdom van drie maande, sal bydra tot beter groei en ontwikkeling. Hierdie korrels pas by die hoë voedingsbehoefte van skaaplammers en boklammers en dra by tot 'n gladde, blink haar en boklammers wat vinniger gereed is vir bemaking.

(Feedmaster RamLamOoi korrels kan ook vir jong lammers gebruik word).

2. Behandeling van ooie wat ook bydra tot beter groei van lammers

Begin ten minste 3 weke voor die begin van die lamseisoen met die aanvulling aan laadragtige ooie om die kwaliteit van die biesmelk en melkproduksie te verbeter.

Ooie met tweeling en drieling benodig die beste aanvullende voeding om by te dra tot die suksesvolle grootmaak van hul lammers. **Kruipvee- of RamLamOoi korrels** het 'n baie hoë voedingswaarde, is volledig gebalanseerd en voorsien al die nodige voedingstowwe vir goeie melkproduksie. Dit verbeter vrugbaarheid en kan gebruik word vir prikkelvoer ná die lammers gespeen is. Hierdie korrels, verbeter die kwaliteit van die biesmelk en maak dit baie makliker vir swakke lammers om te drink.

Mielies maak biesmelk taai en swak lammers sukkel soms om genoeg bies in te kry.

Genoeg goeie kwaliteit kolostrum dra by tot beter immuniteit en minder sterftes. Voorsien 150 g – 300 g korrels per ooi in die aand, tot die meeste van die lammers 3 maande oud is.

Begin gee Kruipveekorrels of RamLamOoi korrels vir lammers vanaf 7 dae ouderdom tot meeste lammers ten minste 2 maande oud is.

3. Behandeling van ramme vir hoër Fertiliteit

Ramme wat permanent tussen die ooie bly om te paar, moet ook 250 g **Stoetveekorrels** eenmaal per dag kry. Voor en tydens die paringseisoen kan ramme tot 500 g *Rumen Optimizer Pellets* per dier per dag kry. Die korrekte behandeling van ramme wat betref gesondheid en voeding 8 weke voor die paarseisoen, het 'n positiewe effek op hul vrugbaarheid. Goeie voeding dra by tot beter semenkwaliteit en hoër dragtigheidsyfers.

(Indien ramme permanent op kraal gehou word, gebruik Breker 12 korrels teen 2 persent van lewende gewig PLUS addisionele droë lusern).

10. Feedmaster Produkte vir Herkouers

Klaargemengde Onderhoudslekke

Eco-Grasveldlek
Bosverteerlek
Koeikalflek

Fosfate

Futterfos P6
Veefos P12
Futterfosblok

Klaargemengde Produksielekke

Produksielek
Energielek
Koeikalflek

Ander Lekblokke

Feedmaster Droëveldblok
Feedmaster Wildsblok
Feedmaster Energieblok

Lekkonsentrate *(elke sak moet gemeng word met ten minste 50 kg sout)*

Droëveldkonsentraat
Bosverteerkonsentraat
Grasveldkonsentraat

Voerkonsentrate

HPK 30 Voerkonsentraat en
Feedlot 80

Afronding van Diere vir Bemarking en Skoue

Stoetveekorrels
RamLamOoi Korrels
Skaap Afrondkorrels
Breker 12 Korrels
Kruipveekorrels
Rumen Optimizer
Beefpro 14 Korrels
Lusernkorrels

Energiebronne

Enerfeed
Enermol
Geelmeel No 2
Rangeland Grower



Feed and Lick Supplementation for Goats and Sheep

Topics

Basic principles of animal nutrition for ruminants	18
Nutritional value of Namibian veld	19
The digestive process in ruminants	19
Differences between licks, feeds and concentrates	20
Summer or phosphate licks	20
Winter or protein licks	21
The role of salt	23
Feeds, lick and feed concentrates	24
Small stock kept on kraal at night	25
Lick program for goat and sheep	26
Management program for goat and sheep	26
General information regarding goat and sheep	28
Growth and development of kids and lambs	30
Feedmaster products available for ruminants	32



FOREWORD

Feedmaster is a proudly Namibian animal feed company established in 1983 with a factory in Windhoek. Our sister company, Veekos in Upington, supply some of the products to complete the whole range of animal feeds for livestock producers in Namibia.

As a primary objective, all our products aim to add value to your animals. Our products have been developed specifically for Namibian conditions, comply with all feed safety requirements, adhere to the FANMEAT regulations and are available at all agribusinesses in Namibia. Feedmaster also has an ISO 22000 accreditation, ensuring that we meet all the necessary food safety requirements for red meat exports to the European market. From the outset, Feedmaster followed the strategy to develop unique products for Namibian conditions by making use of local research for the Namibian market.

Our team of technical advisors can assist you with the best advice for your area.


Services rendered by Feedmaster

- Advisory services based on Namibian research and experience
- Sound supplementation strategies to increase production and gross income of the farmer
